**Judas Iskariot (OP234)**

**Joh 13:18-32**

**28 September 2025**

Laasweek het ons gekyk na die Here Jesus wat op die vooraand van Sy kruisiging die voete van die dissipels gewas het in die bovertrek. Hy het dit gedoen enersyds omdat Hy geweet het wat op die punt was om te gebeur, en andersyds omdat Hy Sy eie mense tot die uiterste toe liefgehad het, en wou hê dat hulle ook goed ingelig moet wees oor wat gaan gebeur. Ons het daaroor besin dat die voetwassing 'n simboliese handeling was wat heengewys het na die noodsaak dat iemand in die bloed van die Here Jesus skoon gewas moet word van sy sondeskuld, d.w.s. so 'n persoon moet in die Here Jesus geregverdig word. So 'n wassing in Sy bloed, is 'n eenmalige gebeurtenis – daarna is die persoon skoon en hy hoef nie weer gewas te word nie. As so 'n persoon weer sondig terwyl hy groei op die pad van heiligmaking, is dit slegs nodig dat sy voete weer gewas moet word, dit beteken hy hoef net te pleit vir vergifnis van daardie sondes. Ons het ook daarop gelet dat Judas Iskariot ook teenwoordig was, en heelwaarskynlik is sy voete ook gewas. Maar nogtans het die Here Jesus geoordeel hy was nie skoon nie, want die voetwassing met water was net 'n simboliese handeling wat gewys het na die noodsaak om 'n hartsverandering te ondergaan en om tot geloof in die Here Jesus te kom – eers as die hartsverandering en die geloof gerealiseer het, is iemand werklik skoon. En dit was nie waar van Judas Iskariot nie.

Vandag wil ek fokus op Joh 13:18-32, en in hierdie gedeelte val die fokus veral baie sterk op Judas Iskariot. Ek wil graag die volgende drie punte oordink: (1) Hoekom was Judas Iskariot op daardie aand in die bovertrek (v18-20)? (2) Hoe het Judas Iskariot gereageer op sy aanwysing as die Here Jesus se verraaier (v21-30)? (3) Wat was die gevolg van Judas Iskariot se aanwysing as verraaier (v31-32)?

<u>Hoekom was Judas Iskariot op daardie aand in die bovertrek (v18-20)?</u>

Johannes het nou al 'n paar keer in sy evangelie na Judas Iskariot verwys. Lees Joh 6:70-71. Hier lees ons dat die Here Jesus spesifiek opgemerk het dat Hyself Sy twaalf dissipels uitgekies het. En een van hierdie twaalf, is Judas Iskariot – en dan die verstommende opmerking: Judas Iskariot is die duiwel! Dink mooi oor wat ons hier lees: Die Here Jesus het self vir Judas gekies as een van die twaalf. En tog was Judas onder die invloed van die duiwel. Laasweek het ons ook in Joh 13:2 gelees dat tydens die aandete daardie aand in die bovertrek, het die duiwel dit reeds in die hart van Judas Iskariot gewerk om die Here Jesus te verraai. Hoekom was Judas toegelaat om daar te wees?

In vers 17 het die Here Jesus na die voetwassing en na Hy hulle opgeroep het om mekaar se voete te was, gesê: "As julle dit begryp, gelukkig is julle as julle dit doen". Maar lees nou vers 18. Duidelik maak die Here Jesus dadelik 'n uitsondering: Judas Iskariot is nie ingesluit nie: Al was hy deur die Here Jesus gekies, al sê die Here Jesus Hy weet wie Hy uitgekies het, m.a.w. Hy het geweet wie Judas was toe Hy hom as een van die twaalf gekies het, al het die Here Jesus sy voete gewas, tog sê die Here Jesus nou wat waar is van die ander dissipels, is nie waar van Judas nie. In effek sê die Here Jesus Judas is nie een van Sy eie mense nie. En tog was Judas daardie aand tussen die Here Jesus se eie mense in die bovertrek.

In vers 18 verduidelik die Here Jesus dat Judas die vervulling is van die Skrifuitspraak: "Die een wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my gelig." Hierdie Skrifuitspraak kom uit Ps 41:10. Lees dit. Kom ons kyk kortliks na die argument in die Psalm:

- Ps41:1 – Hierdie psalm is ‘n psalm van Dawid. Natuurlik weet ons dat Dawid dikwels ‘n Ou Testamentiese tipe is van die Here Jesus.
- Ps 41:2 – Dawid beleef ‘n dag van onheil, m.a.w. dit is ‘n dag van swaarkry.
- Ps 41:3-4 – Op hierdie dag van onheil vertrou Dawid egter die Here – die Here sal hom laat ontkom, hom beskerm en hom ondersteun.
- Ps 41:6, 8 – Uit hierdie verse word dit duidelik wat die oorsaak is vir Dawid se swaarkry: dit is weens die optrede van sy vyande en die mense wat hom haat.
- Ps 41:10 – Maar hier is nou die verstommende: dit is nie net Dawid se vyande wat hom laat swaarkry nie, dit is ook sy vriend wat hy vertrou het en wat selfs sy brood geëet het, wat nou ook teen hom draai, en sy hakskeen teen hom lig.

En dit is waarna die Here Jesus verwys: Hierdie uitspraak in Ps 41 is ‘n profesie wat nou waar word in Judas Iskariot. Judas is ‘n vriend van die Here Jesus, ons sal later sien hy het selfs van die brood geëet wat die Here Jesus vir hom gegee het, en tog het hy teen die Here Jesus gedraai.

Lees Joh 13:19. Hierdie vers help ons om te verstaan hoekom Judas ook daardie aand in die bovertrek was. Alhoewel die Here Jesus nog nie direk vir Judas uitgewys het as die verraaier nie, het Hy reeds aangedui daar is een wat teen Hom gaan draai. En die rede waarom Hy dit vir Sy dissipels sê, is sodat hulle nou hulle oë kan oophou hiervoor, sodat hulle nie onverhoeds betrap sal word wanneer dit gebeur nie. Hulle moet ingelig wees nog voor dit gebeur dat dit gaan gebeur. Maar let op: die Here Jesus sê meer as net dat hulle moet kennis neem. Hy sê dit sal hulle help om te glo “dat Ek is” – ek hoop jy hoor direk daardie bekende woorde: die Here Jesus sê Hy is “Ek is” – daardie tipiese uitspraak waarmee die Here na Homself verwys as die Verbondsgod. Die Here Jesus sê dus Hy vertel Sy dissipels vooruit dat daar ‘n verraaier in hulle midde is, sodat wanneer die verraaier Hom verraai, hulle nie onverhoeds betrap sal word nie, nee, dan moet die feit dat hulle ingelig is hulle help om te glo dat Hy “Ek is” is, m.a.w. dit moet hulle help om te glo dat Hy God is en dat Hy die Messias is.

Wat die Here Jesus dus aan die dissipels sê, is: Hy het self die twaalf gekies, en Hy het geweet wie Hy gekies het. Hy het ook vir Judas gekies – doelbewus en wetende dat Judas teen Hom sou draai. Maar Sy keuse van Judas was nie ‘n fout nie. Met Sy keuse van Judas het Hy ‘n doel gehad. So sou Judas se optrede ‘n vervulling word van daardie Ou Testamentiese uitspraak in Ps 41. En nou kondig die Here Jesus dit aan voordat dit nog gebeur. En die gevolg is dat wanneer dit gebeur, die dissipels nie verstom moet wees en dink die Here Jesus is besig om die stryd te verloor nie. Nee, dan moet hulle onthou: die Skrif het gesê dit sal gebeur, en die Here Jesus het Self ook gesê dit sal gebeur. Dit moet hulle geloof in Hom versterk – dit moet hulle opnuut oortuig Hy is “Ek is”, Hy is God, Hy is die Messias. Dit is hoekom Judas daardie aand in die bovertrek was: Sodat Jesus nie net vir hulle kan leer dat daar ‘n verraaier is nie, maar Hy gaan nou selfs vir hulle wys wie dit is.

Lees Joh 13:20. Wat beteken hierdie uitspraak van die Here? Wel, sopas het Hy hulle herinner Hy is God en die Messias – dit beteken onder andere dat Hy deur die Vader gestuur is om hierdie rol te vervul. Omdat Hy deur die Vader gestuur is, daarom is dit net logies dat iemand wat die Here Jesus ontvang, ontvang ook die Vader. Natuurlik het die Here Jesus die 11 dissipels in gedagte: Hulle ontvang tog die Here Jesus, hulle is tog in Hom skoon gewas. Maar hulle kan weet, hulle ontvang nie net die Here Jesus nie, hulle ontvang boonop ook die Vader. Maar die Here Jesus sê nog meer as dit: Wie iemand wat Ek stuur ontvang, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie is die mense wat die Here Jesus gaan stuur? Natuurlik die dissipels! Na Sy opstanding, in Joh 20:21, lees ons dat Hy vir Sy dissipels gesê het: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Sien jy die punt? Die Here Jesus is besig om Sy dissipels voor te berei op wat kom. Ja,

die gebeure van die volgende 24 uur mag verwarrend wees – maar juis daarom praat Hy nou met hulle voordat al die dinge gebeur, sodat hulle ingelig en gewaarsku kan wees: Ja, Hy gaan verraai word. Maar dan moet hulle onthou die Ou Testament het al hierna verwys, en boonop het Hy nou ook vir hulle vooraf gesê dit gaan gebeur. I.p.v. om moedeloos te word, moet hulle daardie gebeure gebruik om hulle geloof in Hom te versterk dat Hy inderdaad God is en die Messias is. Hiervoor is Hy deur die Vader gestuur. As hulle dit glo, ontvang hulle nie net Hom as die Messias nie, hulle ontvang ook die Vader. En meer nog: dan gaan hulle die mense word wat die Here Jesus gaan uitstuur om dit aan ander te vertel – en die mense wat hulle dan gunstig gaan ontvang, gaan nie net hulle ontvang nie, hulle gaan ook die Here Jesus en ook die Vader ontvang. Kan jy jou indink hoe dit hulle moes bemoedig het toe die Here Jesus hulle na Sy opstanding uitgestuur het?

<u>Hoe het Judas Iskariot gereageer op sy aanwysing as die Here Jesus se verraaier (v21-30)?</u>

Lees Joh 13:21-22. Weereens lees ons hoedat die komende lyding die Here Jesus ontstel het. Tot nou toe het die Here Jesus verwys na die feit dat Hy verraai gaan word, maar nou raak Hy baie meer spesifiek: "Een van julle sal My verraai." Don Carson skryf hieroor en sê waarskynlik het die dissipels nog op daardie stadium gedink dit sal darem nie een van hulle wees nie – dalk iemand naby, maar darem iemand buite die kring van die twaalf. Verder het hulle dalk gedink die probleem kan nie so ernstig wees nie: Immers hulle Here kan storms stil maak en dooies lewend maak – hierdie krisis behoort nie werklik so erg te wees nie. Maar die Here Jesus is reguit: "Dit is een van julle!" Duidelik is hulle verbaas, en hulle het nie geweet wie dit was nie.

Judas moes 'n uitsondering gewees het: Hy het tog self geweet wat hy beplan. In Joh 12:6 het ons al gelees dat hy 'n dief was wat eerder van die geld wou steel wat hulle kon kry as hulle die duur olie vir die Here Jesus se salwing sou verkoop het. En in Joh 13:2 het ons reeds gelees dat die duiwel dit reeds in sy hart gewerk het om die Here Jesus te verraai. Toe die Here Jesus gesê het "Dit is een van julle", moes hy geweet het dit is hy. Dit het hom direk voor 'n keuse gestel: Óf hy moet erken hy is die een, maar hy gaan steeds voort met sy plan. Óf hy moet erken hy is die een, en dit bely en pleit om hulp en vergifnis. Ons weet hy het besluit om voort te gaan met sy plan.

Lees Joh 13:23-24. Weereens is dit Simon Petrus wat die inisiatief neem. Maar i.p.v. om direk te vra wie die verraaier is, beduie hy vir die dissipel wat langs die Here Jesus aan die tafel aangelê het om die Here Jesus te vra wie dit is. Hierdie dissipel wat langs die Here Jesus gelê het, word beskryf as die dissipel vir wie die Here Jesus lief was. Ons het al vantevore hierna verwys, en daarop gelet dat dit die beskrywing is wat Johannes gebruik het om na homself te verwys. Met hierdie beskrywing wil Johannes nie sy eie beuel plaas dat hy beter is as die ander dissipels deurdat die Here Jesus liewer vir hom was as vir die ander dissipels nie. Nee, ons moet eerder die teenoorgestelde verstaan: Johannes is diep onder die indruk dat hy werklik onwaardig is om deur die Here Jesus liefgehê te word, hy is verstom dat hy hoegenaamd deur die Here Jesus liefgehê word, hy weet dit is bloot die resultaat van die genade betoon deur die Here Jesus. Om te onderstreep dat hy dit nie waardig is nie, wil hy nie eers sy eie naam noem nie – al die erkenning moet na die Here Jesus gaan.

Lees Joh 13:25. Johannes het waarskynlik aan die regterkant van die Here Jesus gelê, en toe hy terug leun om te vra wie die Here Jesus bedoel, het hy met sy kop op die Here Jesus se bors geëindig.

Lees Joh 13:26. Die Here Jesus het geantwoord: Dit is die een vir wie Hy 'n stukkie brood sal doop en aangee – dit is hy wat Hom sal verraai. Waarskynlik het die Here Jesus dit saggies geantwoord sodat net Johannes dit gehoor het – dit blyk dat die ander dissipels later steeds nie geweet het wie dit was nie. So 'n handeling om 'n stukkie brood te doop en vir iemand spesifiek te gee om te eet, was 'n tipiese handeling wat 'n gasheer sou uitvoer tydens 'n ete. Daarmee wou die gasheer die persoon

aan wie hy die brood gee, erken as ‘n vriend en hom vereer. Dit is ook moontlik dat Judas Iskariot aan die linkerkant van die Here Jesus gelê het, en daarom kon die Here Jesus die brood gerieflik vir hom gee sonder om van die tafel op te staan. Met hierdie handeling wou die Here Jesus twee punte aan Judas oordra: (1) Hiermee het Hy aan Judas bekend gemaak dat Hy presies geweet het wat Judas beplan, al het Judas dit in die geheim beplan en probeer om dit vir die Here Jesus en die ander dissipels weg te steek. (2) Boonop was hierdie ‘n liefdeshandeling van die Here Jesus teenoor Judas. Hier was ‘n laaste geleentheid vir Judas om af te sien van sy plan, en eerder deel te word van die kring van mense wat die Here Jesus se eie mense is.

Lees Joh 13:27. Judas het die stukkie brood van die Here Jesus aangeneem en dit geëet. Maar dit was al – hy het hom nie laat beïnvloed deur hierdie liefdeshandeling van die Here Jesus nie. Hy het eenvoudig volhard in sy plan. En dan lees ons die tragiese resultaat: Die gevolg was dat die satan in hom ingevaar het. Judas het sy rug op die Here Jesus se liefdesaanbod gedraai, en toe neem die satan beheer van hom. Let op: Wat ons hier lees, is presies waarvan ons al vroeër in Joh 3:16-19 gelees het. Lees dit. Ja, God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy seun gestuur het, ja, die wat in Hom glo sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê. Maar die teendeel is ook waar: Wie nie in Hom glo nie, staan reeds veroordeel. En dit is die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom, maar die mense het die duisternis liefgehad bo die lig – omdat hulle dade boos was. Dit was waar van Judas – hy was boos, en het dus veroordeeld gestaan. Die Here Jesus het vervolgens vir hom gesê hy moet gaan doen wat hy wil doen – en gou ook, immers die uur het gekom.

Lees Joh 13:28-29. Die ander dissipels het oënskynlik nie op daardie stadium verstaan wat gebeur het nie – hulle het waarskynlik nie gehoor wat die Here Jesus vir Johannes gesê het nie. Toe Judas uitgaan, het hulle gedink die Here Jesus het hom dalk gestuur om goed te gaan koop vir die komende fees, of om iets vir die armes te gaan gee. Sommiges redeneer hierdie reaksie van die dissipels toon dat hierdie gebeure nie op die Donderdagaand voor die kruisiging plaasgevind het nie – immers was Donderdagaand tog heeltemal te laat om goed te gaan koop vir die pasga. Maar ons moet onthou die pasga het ook oorgegaan in die fees van die ongesuurde brood – en hierdie fees was ‘n fees van 7 dae lank. Dit is moontlik dat hulle gedink het die Here Jesus het Judas gestuur om voorraad te gaan koop vir daardie fees. Hoe dit ook al sy, ons weet dit is nie hoekom die Here Jesus dit vir Judas gesê het nie.

Lees Joh 13:30. Judas het onmiddelik buitentoe gegaan – en dit was nag. Wel, ons weet die gebeure het tydens die aandete plaasgevind – dit maak dus sin dat toe Judas uitgegaan het, was dit nag. Maar ons weet dat Johannes dikwels ‘n dieper betekenis het met die uitdrukkings wat hy gebruik – en dit is ook hier die geval. Judas het uitgegaan, die nag in, die duisternis in. Dit laat ons dink aan:

- Mat 22:13 – “Bind sy voete en hande vas en gooi hom uit in die duisternis daarbuite. Daar sal ‘n geween en gekners van tande wees”
- Joh 3:19-20 – “En dit is die oordeel: Die lig het in die wêreld gekom, maar die mense het die duisternis liefgehad bo die lig, omdat hulle dade boos was. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel kan word nie”
- Hand 1:25 – “....Judas het afvallig geword, om na die plek te gaan wat hom toekom”

Judas het volhard in sy plan om die Here Jesus te verraai. En die gevolg hiervan was dat hy uitgegaan het die nag in, die duisternis in, na die plek wat hom toekom – daar sal ‘n geween wees en ‘n gekners van die tande.

<u>Wat was die gevolg van Judas Iskariot se aanwysing as verraaier (v31-32)?</u>

Lees Joh 13:31-32. ‘n Mens kan jou die atmosfeer in die bovertrek indink. Die Here Jesus het aangekondig een van die twaalf gaan Hom verraai. Al het al die dissipels nie op daardie stadium presies verstaan dat Judas die verraaier is nie, die Here Jesus het dit verstaan, en Johannes het dit ook verstaan – die Here Jesus het dit tog aan hom verduidelik, en hy het gesien hoe die Here Jesus aan Judas die brood gegee het, hy het ook gesien hoe Judas uitgegaan het – die donker nag in. En, onthou, dit is Johannes wat hier te skryf.

En let nou op wat hy skryf: “Nadat Judas uitgegaan het, het Jesus gesê: ‘Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik’”. Geliefdes, let op: Die oomblik wat Judas uit is die nag in, het die Here Jesus gesê: “Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik”. Hierdie oomblik wat vir ons na ‘n somber oomblik lyk, die oomblik dat een van die twaalf uitgaan juis met die doel om die Here Jesus te verraai – daardie oomblik is die oomblik wat die Here Jesus sê: “Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik”. Hoe moet ons dit verstaan?

Kan ek jou herinner waarvan ons in Joh 12:23 gelees het: Daar het ons gelees dat die uur gekom het dat die Seun van die mens verheerlik moet word – en ons het daarop gelet dat die Here Jesus hierdie aankondiging opgevolg het met ‘n beskrywing van Sy sterwe – en die verreikende gevolge wat dit sou hê: dit sou groot vrug oplewer, dit sal daartoe lei dat die Vader ook verheerlik word, dit sal lei tot oordeel, dit sal lei tot die oorwinning oor die duiwel, dit sal lei tot verdere verhoging van die Seun. Wel, noudat Judas besluit het om te volhard in sy verraaiing van die Here Jesus, noudat hy uit is die nag in juis om dit te gaan doen, nou dat die Here Jesus hom laat gaan het om juis dit te gaan doen, noudat nog Skrifuitsprake besig is om in vervulling te gaan – nou is die verheerliking van die Seun van die mens aan die gebeur. Nou gaan Hy verraai word – vannag nog. Maat dit is deel van Sy verheerliking. Dit is juis hoekom Hy gekom het. Dit gaan lei tot Sy veroordeling, wat gaan lei tot Sy kruisiging, wat gaan lei tot die oorwinning oor die duiwel, wat gaan lei tot Sy sterwe, wat gaan lei tot Sy opstanding, wat gaan lei tot Sy hemelvaart. Dit alles vorm deel van Sy verheerliking. En Judas is uit die nag in – om hierdie proses te gaan afskop deur sy verraaiing van die Here Jesus. Nou begin die verheerliking van die Seun van die mens. En dit gaan eindig wanneer die Seun weer die heerlikheid het wat Hy by die Vader gehad het voor die wêreld bestaan het (Joh 17:5).

Maar dis nie al wat nou begin nie – nie net begin die verheerliking van die Seun nie, nee, deur Sy verheerliking word die Vader ook verheerlik. Onthou, die Here Jesus het juis gekom om die Vader aan die mensdom te kom bekend maak. Hy het juis kom bekend maak dat dit wat Hy doen, insluitend Sy leiding, is juis die wil van die Vader. Hy doen net wat die Vader wil, en Hy sê net wat die Vader sê. Daarom is Sy verheerliking in lyn met wat die Vader se wil, en daarom is Sy verheerliking ook terselfdertyd verheerliking van die Vader. Onthou Joh 17:1 waar die Here Jesus bid: “Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.” Die verheerliking van die Seun en die verheerliking van die Vader is ineengevleg – immers is Hulle een – een in wese en ook een in dade.

En die Here Jesus wil die dissipels bemoedig: Ja, Hy gaan verraai word, ja, Hy gaan selfs deur een van die twaalf verraai word, ja, Judas is uit die nag in om juis dit te gaan doen, ja, die volgende paar dae gaan moeilik en selfs verwarrend wees – maar wat ten diepste besig is om te gebeur is dat die Seun van die mens op hierdie oomblik, en oor die loop van die volgende paar dae, besig is om verheerlik te word, en saam met Hom word die Vader ook verheerlik. En dit begin nou! Onthou dit! Die Here Jesus het dit vooraf gesê – moet nie mismoedig word nie. “Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik. As God deur Hom verheerlik is, sal God Hom ook in Homself verheerlik, en Hy sal Hom dadelik verheerlik.” (Joh 13:31-32)

Toepassing

Ek wil afsluit deur 'n enkele toepassing te maak. Ek is gefassineer deur wat besig is om in die wêreld te gebeur. Kan ek maar net 'n paar dinge noem:

- Ekonomies is daar onsekerheid in die wêreld. Vir lank was globalisering die algemene strewe. Lande en maatskappye het gestrewe om oor landsgrense heen te werk in die hoop dat dit 'n beter toekoms sal verseker. Maar baie stem nie meer hiermee saam nie – deesdae is daar eerder 'n benadering van elkeen moet eerder na homself omsien.
- Polities is daar net soveel onsekerheid. Vir lank was die politiese lyne redelik duidelik: dit was die weste teen die ooste. Maar dit is nie meer so duidelik of alle lande hiermee saamstem nie. En veral as jy aan Suid Afrika dink, is dit nie so duidelik waar pas ons in nie. Voeg hierby dat sommige lande al hoe meer arrogant optree, en wie weet wat die gevolg hiervan gaan wees op die lang termyn.
- Ek wonder oor watter wêreldleiers waardig is om gevolg te word.
- Ek wonder hoeveel korrupsie kan daar nog gepleeg word.
- En asof dit nie alles bekommerenswaardig genoeg is nie: Wat is besig om in die kerk te gebeur? Nie net daal getalle nie, daar is boonop 'n vervlakking in wat geleer word.

Waar jy ookal kyk, lyk dit of ons besig is om agteruit te beweeg, of ten minste te skarrel in 'n poging om sinvol vorentoe te beweeg. Waar gaan dit alles eindig? Die prentjie lyk maar somber - baie soos daardie aand in die bovertrek toe Judas uit is die nag in om sy bose dade te gaan verrig.

Maar juis toe dit donker lyk, sê die Here Jesus: "Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik". En, let op, Hy het dit vooraf aan die 11 dissipels verduidelik dat hulle nie moedeloos moet word nie, maar moed moet skep want dit alles werk heen na die verheerliking van die Seun en die Vader.

En, geliefdes, dit is ook waar vir ons. Die Here het ook aan ons verduidelik wat besig is om te gebeur. Ja, Hy het aan ons verduidelik wat in die laaste dae gaan gebeur. Ja, Hy het verduidelik dit gaan swaar gaan. Ja, Hy het verduidelik die duiwel is uit die hemel gegooi en hy is nou hier op die aarde. Ja, dit is hy wat soveel kwaad en geweld en korrupsie en selfsug en eie eer in die wêreld aanblaas. Maar, in die hemel, aan die regterhand van die Vader, sit die verheerlikte Seun van die mens – en aan Hom is alle gesag gegee. Hy is besig om Sy koninkryk te bou – die skare in die hemel van afgestorwe gelowiges om God se troon word al meer, en die lofprysing om God se troon word al meer. Ja, dit alles gaan uitloop op die einde van die aarde soos wat ons dit ken, maar dit gaan ook uitloop op die koms van 'n nuwe hemel en aarde waar daar geen kwaad sal wees nie, en waar God by ons gaan woon. Soos wat die dissipels moes vashou aan die feit dat die swaar en verwarrende gebeure wat hulle belewe het, konstruktief deel was van die verheerliking van die Seun en die Vader, so moet ons ook vashou dat die verwarrende tyd waarin ons leef is deel van die vestiging van God se koninkryk – en Sy koninkryk sal seëvier, daarvoor sal die Here sorg.

As selfs Judas Iskariot 'n rol gespeel het wat bygedra het tot die verheerliking van die Seun en die Vader, kan ons oortuig wees dit is selfs ook waar van die mees korrupte wêreldleiers. Op een of ander manier dra hulle by daartoe dat die koninkryk van God groei – hoe moeilik dit ook al vir ons mag wees om te verstaan. Onthou, Hy het dit vir ons vooraf aangekondig – sodat ons kan glo dat Hy die "Ek is" is – die almagtige God en ook die verlossende Messias, wat nie net gekom het om Sy eie mense te verlos nie, maar wat ook gaan kom om te oordeel. Hou dit in gedagte as jy na die wêreldgebeure kyk.